

B.P. Badenhorst

Departement van Kommunikasiewetenskappe
Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat

Indiensopleiding van swart Afrikaans-onderwysers

A B S T R A C T **In-service training of black Afrikaans Teachers**

The matter of ill-equipped black Afrikaans teachers who teach Afrikaans as an additional language, remains a topical issue, but it appears as though little progress has been made to remedy the situation. In this investigation a literature study as well as an empirical investigation, conducted from a number of angles, were undertaken in order to identify the most irksome problems and to accordingly make recommendations towards the development of an in-service training programme. The overarching purpose of the investigation was to pinpoint the shortcomings in the professional outfit of both the teachers and the learning facilitators, and to subsequently determine to what extent the Free State Department of Education succeeds in addressing these. The investigation revealed that the teachers experience a number of teaching-related problems and that the in-service training programme of the Free State Department of Education seems to be wanting. The learning facilitators are not sufficiently empowered to fulfil their duty as in-service trainers. The department does not provide the needed infrastructure to facilitate effective and purposeful in-service training.

Keywords: In-service training; black Afrikaans teachers

Sleutelwoorde: Indiensopleiding; swart Afrikaans-onderwysers

1. Inleiding

Die afgelope dekade is gekenmerk deur grondverskuiwings in die onderwyssektor. Die transformasie van die onderwyssektor het onderwysers en departementele ampsdraers genoodsaak om talle aanpassings te maak en die meeste het oënskynlik nog nie die nuwe onderwysparadigmas onder die knie gekry nie. Die veranderende onderwyslandskap stel hoë eise aan die betrokkenes en dit bemoelik die taak van die onderwysers. Onderwysers verkeer in die drukgang van verandering en dit dra waarskynlik by tot die praktyknood wat deur vele beleef word.

2. Die praktyknood van swart Afrikaans-onderwysers

My betrokkenheid oor 'n lang periode by die verdere opleiding¹ van swart Afrikaans-onderwysers wat Afrikaans as addisionele taal onderrig, het die indruk gelaat dat daar groot leemtes in hulle professionele mondering bestaan. Dit is kommerwekkend dat daar ernstige tekortkominge aangetref word by praktiserende Afrikaans-onderwysers, dit wil sê by ervare onderwysers² wat volgens bestaande norme toepaslik gekwalifiseer³ is om Afrikaans: Addisionele Taal in die VOO-fase⁴ te onderrig. Hierdie toedrag van sake is in informele gesprekke met die onderwysers en leerfasiliteerders bevestig, en dit het gelei tot 'n ondersoek wat die onderrigsituasie van die onderwysers krities sou ontleed met die doel om wetenskaplik vas te stel watter behoeftes daar aan indiensopleiding bestaan. Die beoogde uitkoms met die ondersoek sou wees om riglyne neer te lê waarvolgens 'n indiensopleidingsprogram ontwikkel sou kon word. Met die ondersoek is die lig ook laat val op die doeltreffendheid al dan nie van die indiensopleidingsrol wat die Vrystaatse Onderwysdepartement⁵ speel.

3. Afrikaans-kennis bemagtig swart leerders vir die arbeidsmark

Die kwessie van swart Afrikaans-onderwysers⁶ in die VOO-fase wat onvoldoende vir hulle taak toegerus is, is lank reeds 'n aktuele vraagstuk en dit wil voorkom asof daar nie noemenswaardige vordering, met die probleem gemaak word nie. Die probleem kring verder uit aangesien ondoeltreffende onderwysers nie daarin slaag om hul leerders toepaslik vir die arbeidsmark toe te rus nie.

Teen die agtergrond van die krimpende rol en funksies van Afrikaans, sou daar met reg gevra kon word na die sin van 'n ondersoek wat dit ten doel sou hê om Afrikaans-onderrig in "townships" ter wille te wees. Myns insiens behoort 'n mening oor die nut van sodanige ondersoek gerig te word deur 'n ekonomiese perspektief op Afrikaans. Dat sakelui daarvan kennis neem dat Afrikaans steeds 'n belangrike rol speel binne die ekonomie van Suid-Afrika, word geïllustreer deur empiriese navorsing wat Van Staden (1997) onderneem het. Sy het 'n opname gedoen oor die taalbehoefte van toekomstige werkgewers van universiteitstudente. Vraelyste is gestuur aan 117 van die top 150 markleiers, soos wat hulle in 'n spesiale jaarlikse bylae (Top Companies) tot die *Financial Mail* geïdentifiseer is. 'n Lys van 28 tale wat in Suid-Afrika gepraat word, is aan die respondente voorgehou. Die respondente moes aandui vir watter funksies die tale in die werkplek aangewend word. Uit die ingesamelde data blyk dit dat Engels deurgaans vir alle funksies gebruik word, maar dat Afrikaans slegs 'n kortkop agter is. Nie een van die inheemse tale speel naastenby dieselfde rol as Afrikaans en Engels nie. Die respondente het aangedui dat Afrikaans gebruik word vir kommunikasie tussen bestuur en werknemers (66,1%), vir interne

-
1. Met "verdere opleiding" word daar hoofsaaklik verwys na praktiserende onderwysers wat poog om hulle kwalifikasies op te gradeer.
 2. Meer as 85% van die ondersoekgroep vir hierdie navorsing het meer as 5 jaar ervaring van Afrikaans-onderrig.
 3. Effe meer as 70% van die ondersoekgroep het Afrikaans op tweedejaarsvlak of hoër geslaag terwyl 10% nie Afrikaans op tersiêre vlak bestudeer het nie.
 4. VOO is die afkorting wat vir die term "Verdere Onderwys en Opleiding" gebruik word. VOO-vlak verwys na graad 10 tot 12-onderwysers.
 5. Die ondersoek het gefokus op onderwysers wat in diens staan van die Vrystaatse Onderwysdepartement.
 6. Afrikaans-onderwysers in "townships" met 'n Afrikataal as moedertaal wat Afrikaans: Addisionele Taal onderrig.

kommunikasie tussen werknemers (86,5%) en vir kommunikasie met kliënte of die breë publiek (90,3%). Volgens Van Staden (1997:166) toon haar empiriese navorsing "...oorweldigend aan dat 'n kandidaat wat Afrikaans magtig is, 'n voorsprong op (sic) ander behoort te hê."

Indien dit dus aanvaar sou word dat daar steeds 'n vraag na Afrikaans in die arbeidsmark bestaan en dat kennis van Afrikaans toetreders tot die mark diengevolglik beter bemaagtig, maak dit sin om te belê in Afrikaans-onderrig aan swart skole. As voorwaarde sou egter gestel kon word dat sodanige insette die Afrikaans-onderrig moet rig sodat die leerders se taalvaardighede meer in ooreenstemming met die eise van die arbeidsmark ontwikkel kan word.

4. Die kommunikatiewe eise van die arbeidsmark

Bruckman en Kroes (1999) het op versoek van 'n *instituut in die finansiële sektor*⁷ laasgenoemde se Communication (Engels)- en Kommunikasie (Afrikaans)-sillabusse geëvalueer ten einde vas te stel of die kursusse voldoen aan die kommunikatiewe eise van die finansiële sektor. Die ondersoekers het inligting ingewin deur vraelyste wat versprei is onder opleiers en menslike hulpbronnbestuurders in die bepaalde finansiële sektor, asook deur onderhoude met werkgewers. Ter aanvulling van die data is die eksamenverslae van die laaste vyf jaar vir beide die modules Communication (Engels) en Kommunikasie (Afrikaans) ook onder oë geneem. Ten opsigte van die eksamenverslae vir Engels sowel as Afrikaans vat die navorsers hulle bevindinge as volg saam: "There was overwhelming evidence in many candidates of a lack of basic language skills and this was the main cause of failure...While there was evidence of a lack of application to studies, the lack of skills rather than knowledge was the cause of failure" (Bruckman en Kroes 1999:4). Die opleiers, menslike hulpbronnbestuurders en die werkgewers het beaam dat die werknemers 'n gebrek toon aan *basiese taalvaardighede* wat daartoe lei dat hulle nie *akkuraat* kan kommunikeer nie, mondeling sowel as skriftelik. Daar was eenstemmigheid oor die noodsaaklikheid van 'n oorbruggingskursus vir toetreders tot die sektor met die oog op die verbetering van hulle taalvaardighede. Die Afrikaans-onderrig (asook Engels-onderrig) wat die persone op skool ontvang het, het hulle klaarblyklik nie toegegerus om te voldoen aan die kommunikatiewe eise van die bepaalde arbeidsektor nie.

Volgens Ayliff (2001) het Cummins (1979) oorspronklik die onderskeid getref tussen BICS (Basic Interpersonal Communication Skills) en CALP (Cognitive Academic Language Proficiency). Ayliff (2001:103) beskryf BICS as "conversational fluency" en CALP as "the ability to use a language appropriately in an academic environment". Lemmer (1992:40) beskryf BICS as "informal, colloquial language" wat bestaan uit die sogenaamde "sigbare" aspekte van taal, naamlik uitspraak, 'n basiese woordeskat en grammatika. 'n Leerder wat BICS onder die knie het, kan vlot in gewone alledaagse situasies kommunikeer. 'n Beheersing van beide is noodsaaklik vir akkurate kommunikasie: "Authentic language proficiency requires the proficiency in both BICS and CALP" (Lemmer 1992:40). Kroes (1997) wys daarop dat baie swart skoolverlaters BICS magtig is, maar dat hulle nie CALP onder die knie het nie.

Die arbeidsmark benodig akkurate kommunikeerders wat beide BICS en CALP kan beheers. 'n Vername doelwit van Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig in die VOO-fase behoort dus te wees

7. Die instituut waarna verwys word is gemoeid met die opleiding en assessering van amptenare in 'n sekere finansiële sektor. Daar word anoniem na die instituut verwys weens die vertroulike aard van die ondersoek.

om leerders te lewer wat akkuraat in Afrikaans kan kommunikeer sodat hulle effektiewer in die arbeidsmark kan funksioneer.

4.1 Kommunikatiewe taalonderrig lewer nie akkurate kommunikeerders nie

Volgens Buys en Van der Walt (1996) het taalonderrig in Suid-Afrika oor die afgelope vyftig jaar dramaties verander. Die koms van KTO⁸ het daartoe gelei dat formele onderrig (grammatika-onderrig) as't ware verban is in die taalklaskamer. Die toepassing van KTO in Suid-Afrikaanse klaskamers toon 'n sterk ooreenkoms met 'n *P-benadering*⁹ tot KTO. Volgens Swarbrick (1994:40) produseer KTO "...learners who can do little more than reproduce unanalysed global phrases, and have not yet internalised a creative language system (i.e. a grammar), which will allow them to produce original utterances *correctly* in situations of open and unpredictable target language use" (my kursief). Kroes (1997) maak die interessante waarneming dat KTO in die sogenaamde swart onderwyssektor weliswaar veel swaarder steun op formele ingrepe as "suiwer" kommunikatiewe onderrig, maar dat dié grammatika-onderrig tipies geskoei is op die lees van die reeds gediskrediteerde streng, strukturele benadering. Hy noem dié soort formele ingrepe "grammar for grammar's sake", in teenstelling met 'n L-benadering wat "grammar for communication" propageer. Die hoofogmerk met enige T2-onderrigprogram behoort die ontwikkeling van *vlotheid* sowel as *akkuraatheid* in die teikentaal te wees. Navorsing¹⁰ toon aan dat hierdie ideaal slegs bereik kan word as daar 'n gesonde balans tussen *kommunikatiewe en formele onderrig* gehandhaaf word.

Die kommunikatiewe eise wat die arbeidsmark stel, behoort reeds met die aanvanklike konseptualisering van 'n indiensopleidingsprogram in berekening gebring te word aangesien die onderwysers toegerus moet word om die leerders dienooreenkomstig voor te berei. Tot dusver kon KTO, soos wat dit onder andere in die Afrikaans: Addisionele Taal-klasse toegepas word, klaarblyklik nie leerders voldoende voorberei om aan die kommunikatiewe eise van die arbeidsmark te voldoen nie. Die UGO¹¹-paradigma kompliseer die saak verder aangesien KTO daarbinne gestalte moet vind. 'n Indiensopleidingsprogram sal dus veel aandag moet wy aan die oordrag van kennis en die ontwikkeling van vaardighede wat onderwysers bemagtig om UGO en 'n L-benadering tot KTO te kombineer sodat Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig meer *akkurate kommunikeerders* kan oplewer.

5. 'n Ontleding van die onderrigsituasie – die bispunpunt van 'n indiensopleidingsprogram

Die *Norms and Standards for Teacher Education* (1995) herdefinieer die belang van indiensopleiding en ken 'n sentrale rol daaraan toe in die poging om leemtes in die professionele mondering van onderwysers uit die weg te ruim. Die oorkoepelende doelwit van hierdie kritiese beskouing van die onderrigsituasie van Afrikaans: Addisionele Taal-onderwysers sou dus wees

-
8. Die afkorting KTO word hier gebruik om te verwys na "kommunikatiewe taalonderrig" sowel as "die kommunikatiewe benadering".
 9. Stern (1981) onderskei 'n (L)inguistiese benadering en 'n (P)sigologiese benadering tot KTO. Die L-benadering is meer analities en laat ruimte vir formele ingrepe/grammatika-onderrig. Die P-benadering negeer grootliks die metakognitiewe vaardighede en "outentieke kommunikasie" word in die sentrum geplaas.
 10. Verskeie navorsers (vgl. Ellis (1994) se oorsig) is dit eens dat formele onderrig 'n rol speel in die ontwikkeling van akkurate kommunikatiewe vaardighede in die doeltaal.
 11. UGO dien as afkorting vir die term "uitkomsgebaseerde onderwys".

om, eerstens, die leemtes in hulle onderrigopset bloot te lê en tweedens, om die ingesamelde inligting te vervat in aanbevelings wat in 'n indiensopleidingsprogram neerslag sou kon vind. Die uiteindelige doelwit sou wees om die Afrikaans-onderwysers via 'n indiensopleidingsprogram te bemagtig sodat hulle beter in staat is om hulle leerders voor te berei op die kommunikatiewe eise van die arbeidsmark.

5.1 Die aanloop tot die ondersoek

Daar het hoofsaaklik drie oorwegings gegeld toe daar besluit is om die kwessie van onvoldoende toegeruste Afrikaans: Addisionele Taal-onderwysers empiries te ondersoek:

- My gereelde kontak met swart Afrikaans: Addisionele Taal-onderwysers, informeel sowel as binne onderrigverband, het by my die indruk gelaat dat daar tekortkominge in hulle professionele mondering bestaan. Met die empiriese ondersoek is daar gepoog om die dikwels subjektief-waargenome tekortkominge op 'n stewiger wetenskaplike grondslag te plaas.
- Die onderwysvernuwing wat vir ongeveer 'n dekade reeds die hele onderwyssektor in beroering het, is nie naastenby voltrek nie. Die amptelike verwagting was dat die onderwysers merendeels op eie stoom die gedugte uitdagings wat dit stel, te bowe sou kom – maar dit skyn egter nie die geval te wees nie. Die empiriese ondersoek sou na verwagting meer lig werp op die onderwysers se beleving van die onderwysvernuwing en hopelik probleemgebiede en kennisgapings duideliker aantoon.
- Die Departement van Onderwys, in hierdie geval die Vrystaatse Onderwysdepartement, speel 'n bepalende rol in die professionele gang van onderwysers aangesien dit hulle plig is om ten opsigte van pasgenoemde oorwegings ingrepe te maak. Met *indiensopleiding* in gedagte, maak dit sin om empiries vas te stel hoe effektief die vennootskap tussen die onderwysers, die leerfasiliteerders en die onderwysdepartement funksioneer.

Die genoemde oorwegings het talle vrae laat ontstaan waarop daar in die empiriese ondersoek na antwoorde gesoek is. Die volgende oorkoepelende vrae is geïdentifiseer:

- Hoe goed is die Afrikaans: Addisionele Taal-onderwysers kennis- en vaardigheidsgewys vir hulle taak toegerus?
- Hoe beleef hulle die onderrigpraktyk van Afrikaans?
- Hoe goed verstaan en implementeer die onderwysers die aanpassings wat die onderwysvernuwing vir veral die onderrigpraktyk inhou? Hoe beleef hulle die onderwystransformasie en in welke mate kan hulle die "oue" en die "nuwe" versoen?
- Hoe beleef die onderwysers hulle werkgewer, die Vrystaatse Onderwysdepartement, veral ten opsigte van onderrigsteun? Hoe beleef die onderwysdepartement, by monde van die leerfasiliteerders, die onderwysers? Hoe beleef die leerfasiliteerders hulle werkgewer ten opsigte van steun in die uitvoering van hulle pligte?

6. Die insameling van die data

Die data is ingesamel in ooreenstemming met die proses van *triangulering*. Die toepassing van triangulering beteken dat die navorser gebruik maak van 'n verskeidenheid van bronne om die navorsingsresultate te verifieer (Denzin, 1989). Die vrae hierbo het egter groot reikwydte en hierdie ondersoek sou uiteraard hoogstens sekere tendense kon aantoon.

Tydens die ondersoek is daar gebruik gemaak van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes ten einde die bevindinge van die ondersoek oorkruis te verifieer. Daar is *kwalitatief* te werk

gegaan om inligting vanuit drie invalshoeke te versamel: die *sillabusse en vakbeleid* is nagegaan en sekere afleidings is daaruit gemaak wat as verwysingspunt vir die verdere empiriese komponente kon dien, daar is *klaskamerobservasies* gedoen en *onderhoude is gevoer met die leerfasiliteerders* vir die *streek*.¹² Kwantitatiewe data is ook ingesamel met behulp van 'n vraelys wat aan die Afrikaans-onderwysers voorgehou is.

6.1 Die amptelike vakbeleid en sillabusse

Die vertrekpunt van die empiriese ondersoek is 'n kritiese oorskouing van die "Tussentydse Sillabus vir Afrikaans Tweedetaal. Graad 10-12 1996" sowel as die "Vakbeleid Afrikaans: Addisionele Taal, Implementering: Graad 10,11,12: 2002". Beide hierdie dokumente is niestandaard hulle ouderdomsgaping deur die Vrystaatse Onderwysdepartement ten tye van die ondersoek (2003) aan die onderwysers voorgehou as amptelik en geldig. Die voorgeskrewe vakbeleid en sillabusse is amptelike dokumente van die Vrystaatse Onderwysdepartement en word beskou as 'n vaste verwysingspunt vir beide die onderwysers en die onderwysdepartement. Daar is gepoog om met die oorsig van die dokumente insae te verkry in die amptelike onderrigbeleid en -voorskrifte van die Vrystaatse Onderwysdepartement. Die data wat in die daaropvolgende empiriese komponente ingesamel is, sou dan hierteen gespieël kon word.

Volgens die *vakbeleid* is die hoofdoel van Afrikaans-onderrig "...om die leerders te lei om na die taal te luister en dit wel te leer praat, lees en skryf" (vakbeleid, p.6). Volgens die sillabusse (p.2) is daar "...'n dringende behoefte aan klemverskuiwing weg van die tradisionele onderrig van die komponente van 'n sillabus (taalwerk, begrip, stelwerk, letterkunde as studierterreine in eie reg)..." en die hoofdoel van Afrikaans-onderrig moet bereik word deur 'n geïntegreerde benadering te volg.

Volgens die sillabusse (p.3) moet 'n *kommunikatiewe benadering* gevolg word "...wat veel meer (behels) as net 'n geleentheid om leksikon, grammatikale items en sinstrukture in konteks aan te bied." Daar word gespesifiseer dat hierdie aspekte nie aan bod behoort te kom in geselekteerde *taalsituasies* nie, maar volgens 'n *nosioneel-funksionele benadering* waarin taalfunksies beklemtoon word. Dit word pertinent vermeld dat "terminologie" en "taalreëls" vermy moet word. Daar word van leerders verwag om self taalreëls uit die kommunikatiewe klaskameraktiwiteite af te lei: "...taalreëls is nie die uitgangspunt nie, maar 'n *logiese gevolgtrekking*" (vakbeleid p.8). Volgens die vakbeleid (p.8) is die benadering informeel en die leerders moet hulle taalkennis mondeling verwerf en daarna moet dit skriftelik ingeoefen word. Hieruit blyk dit dat 'n P-benadering tot kommunikatiewe onderrig in die vakbeleid voorgeskryf word aangesien die leerders op hulself aangewese is om taalreëls uit 'n mondelinge aanbod af te lei.

Met *assessering* word daar deurgaans sterk klem geplaas op "kommunikatiewe", dit wil sê dat die leerders "verstaanbaar" moet kommunikeer. *Akkurate kommunikasie* en korrekte taalgebruik word ondergeskik gestel aan *vlotheid* en die sogenaamde kommunikatiewe. Dit is opvallend dat volgens die "Nasienskaal vir die assessering van skryfwerk" (vakbeleid, bylaag K1, p.50) 'n leerder steeds kan *slaag* (35%), hoewel die skaal sy taalgebruik as volg beskryf: "Taalgebruik is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture. Taal is lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar. Wemel van foute t.o.v. spelling, sinsbou en woordgebruik. Woordeskatkennis

12. Die naam van die streek in die Vrystaat word verswyg ten einde die identiteit van die leerfasiliteerders te beskerm.

is skraal met baie woordbetekenisfoute. Gebruik Engelse woorde." Die formele skriftelike eksamen (summatiewe assessering) wat bykans 'n driekwart van die uiteindelijke assesseringspunt uitmaak, bestaan uit drie "vraestelle" waarin skryfwerk, letterkunde en taalwerk (begripstoets, opsomming, kommunikatiewe taaltoetsing) as afsonderlike afdelings aan bod kom – elk met sy eie tekste en dus geïsoleerd van mekaar. Dit skyn uit pas te wees met die voorskrif om 'n *geïntegreerde benadering* te volg. Die gebruik van grammatikale terminologie in assesseringsopdragte word verbied.

In die vakbeleid en sillabusse is die implementering van UGO, buiten enkele kosmetiese pogings, afwesig. Die sillabusse bestaan hoofsaaklik uit lyste algemene uitkomst (leerdoelwitte) vergesel van die vae imperatiewe dat dit *kommunikatief* en *geïntegreerd* aangebied moet word en *binne konteks* geassesseer moet word. Daar word ook geen poging aangewend om die in tandem gebruik van UGO en KTO toe te lig nie.

6.2 Die vraelys aan die onderwysers

Weens praktiese oorwegings (o.a. koste en die uitgestrektheid van die gebied) is die ondersoek beperk tot 21 hoërskole in die Vrystaat waar Afrikaans: Addisionele Taal deur swart onderwysers onderrig word. Die skole is op ewekansige wyse geselekteer. By elk van die skole is al die onderwysers wat met Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig op VOO-vlak te make het, by die ondersoek betrek. Die vraelys is deur 70 respondente voltooi. Die data is by wyse van rekenaarkodering deur die RAU se Statistiese Konsultasiediens geprosesseer.

Data is onder die volgende opskrifte ingewin:

- *Biografiese gegewens*
- *U opleiding* – daar is gefokus op die opleiding van die onderwysers, die aanvanklike opleiding (PRESET)¹³ sowel as indiensopleiding (INSET).
- *U onderwyspraktik* – items is ingesluit wat die leemtes in die onderwysers se mondering probeer uitwys en wat hulle persepsies bepaal van hulle leerders, die sillabusse asook hul eie kennis en vermoëns.
- *Uitkomsgebaseerde onderwys* – hierdie afdeling bevat items wat die respondente se basiese begrip en beleving van uitkomsgebaseerde onderwys probeer omlin.
- *Kommunikatiewe taalonderrig* – hiermee is gepoog om meer lig te werp op die onderwysers se kennis en toepassing van KTO.
- *Die Onderwysdepartement en u leerfasiliteerder vir Afrikaans* – die items in hierdie afdeling wou aantoon of die werkverhouding tussen die onderwysers en die leerfasiliteerders funksioneel is en as bevredigend deur die onderwysers ervaar word.

Die vernaamste bevindings kan as volg saamgevat word:

(i) **Die meeste onderwysers is ervare en het op die oog af voldoende aanvanklike opleiding ondergaan**

Uit die proefgroep het 87% meer as 5 jaar onderwyservaring, en 86% meer as 5 jaar ervaring van Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig. Die oorgrote meerderheid (72%) het minstens die tweede- of derdejaarkursus in Afrikaans aan 'n onderwyskollege/universiteit voltooi, en

13. In die Norms and Standards for Teacher Education (1995) word die afkortings PRESET (pre-service education and training) en INSET (in-service education and training) gebruik.

9% het 'n nagraadse kwalifikasie in Afrikaans behaal. Ongeveer 9% het hoogstens Afrikaans op eerstejaarsvlak geslaag en 10% het nie Afrikaans op tersiêre vlak bestudeer nie. Indien die beskouing gehuldig word dat 'n onderwyser wat Afrikaans op VOO-vlak aanbied minstens oor Afrikaans op tweedejaarsvlak behoort te beskik, kan 19% dus as onvoldoende gekwalifiseerd beskou word. Die oorgrote meerderheid (68%) het hul aanvanklike opleiding aan 'n kollege voltooi waarvan 12% hul kollege-opleiding aan 'n universiteit voortgesit het. Minder as 'n derde (30%) het uitsluitlik aan 'n universiteit studeer.

(ii) **Die Vrystaatse Onderwysdepartement verskaf te min geleenthede vir indiensopleiding**

Gedurende 'n tydperk van twee jaar het 56% geen *departementele indiensopleiding* ondergaan nie, 11% een maal en slegs 33% twee of meer kere. Uit die groep wat wel minstens een of meer geleenthede tot indiensopleiding tydens die periode van twee jaar kon benut, het meer as die helfte (56,3%) geen geleentheid tot indiensopleiding spesifiek met betrekking tot die uitkomsgebaseerde onderrig van Afrikaans gehad nie. In pas hiermee het 67% aangedui dat die Vrystaatse Onderwysdepartement nie genoeg doen om hulle met die begrip en toepassing van UGO te help nie. Gevolglik beskou 77% hul kennis van UGO as ontoereikend.

(iii) **Die onderwysers het oorwegend 'n positiewe professionele selfbeeld**

Die meeste onderwysers (84%) verklaar dat hulle dikwels/altyd hul *voorbereiding* vir hulle Afrikaans-lesse doen. Twee derdes is van mening dat hulle die nuutste onderrigmetodes *gereeld* gebruik. Verreweg die meeste (92%) is tevrede met hul kennis van taalonderrigmetodes. Vier-en-negentig persent van die respondente bestempel hul kommunikatiewe vaardigheid in Afrikaans as *goed*. Hulle geniet hulle Afrikaans-klasse (93%) en 90% glo dat hulle leerders steeds waarde uit hul Afrikaans-kennis in Suid-Afrika sal kan put. Die meeste (65%) sou, as hulle kon kies, weer onderwysers word.

(iv) **Die onderwysers ervaar onderrigprobleme in die Afrikaans-klas**

Net 6% sê hulle ervaar nie onderrigprobleme nie. Die aansienlike persentasie van 56% ervaar dikwels/altyd onderrigprobleme in die Afrikaans-klas. Baie onderwysers (74%) ondervind die sillabusse en vakbeleid as te tegnies en formeel. By heelparty (57%) kan hierdie siening moontlik daartoe bydra dat hulle nie veel onderrighulp daarin vind nie. Byna twee derdes (63%) maak hoogstens soms van onderrighulpmiddels gebruik, terwyl slegs 37% dit *gereeld* gebruik. Slegs 8% verklaar dat hulle uitsluitlik deur medium van Afrikaans die Afrikaans-lesse onderrig. Meer as die helfte (55%) gebruik ander tale (moedertaal en/of Engels) dikwels/altyd in die Afrikaans-klas.

Die respondente moes aantoon oor watter *taalleerkategorieë* (volgens die sillabusse) hulle indiensopleiding verlang:

- Minder as 50% van die respondente: ontkenning, skryftekens, hoofletters
- 50%-60%: die enkelvoudige stelsin, direkte en indirekte rede, lydende en bedrywende vorm
- 60%-70%: woordsoorte, woordorde en voegwoorde, los- en vasskryf van woorde
- Meer as 70%: omgekeerde woordorde, uitbreiding van hoof- en bysinne, lettergreepverdeling, oop- en geslote lettergrepe.

Die respondente moes 'n subjektiewe oordeel fel oor hulle onderrigvaardighede met

betrekking tot die onderrig van luisterbegrip, leesbegrip, stilleestoetsing, skryfvaardigheid, leeswerk/letterkunde en taalwerk. Uit die ses kategorieë wat aan die respondente voorgehou is, was daar in slegs *een* kategorie (leesbegrip) *meer* as 60% wat volle vertroue in hul onderrigvaardigheid uitgespreek het. Met betrekking tot die oorblywende 5 kategorieë ervaar gemiddeld meer as die helfte (51%) 'n wisselende mate van onsekerheid oor hul onderrigvaardighede.

(v) **Daar bestaan onsekerheid en ontevredenheid oor UGO**

Gemiddeld meer as die helfte (53%) het die items in die vraelys wat die sogenaamde *statutêre kennis van UGO* (soos vervat in regeringsdokumente) toets, verkeerd beantwoord. Die items wat handel oor die *basiese premisse van UGO* is egter telkens deur minstens 56% van die respondente korrek beantwoord. Die oorgrote meerderheid (80%) besef dat UGO en KTO mekaar in die klaskamer nie uitsluit nie. Dit blyk uit die data dat die helfte van die onderwysers geen geloof in UGO het nie. Volgens hulle sal UGO nie werk nie en dit bemoeilik net hulle taak. Hulle hunker na die verlede toe die sg. "ou sisteem" nog in plek was. Dit blyk dat selfs 'n aansienlike persentasie (80%) van diegene wat UGO positief beleef, ook ontevrede voel oor die wyse waarop dit geïmplementeer word.

(vi) **Die onderwysers skyn beter vertrou te wees met KTO as UGO**

KTO is veel langer as UGO in gebruik. Dit verbaas dus nie dat minstens 'n driekwart van die onderwysers die *kennis-items* hieroor korrek beantwoord het.

(vii) **Daar bestaan onduidelikheid oor watter balans daar tussen formele onderrig (grammatika-onderrig) en die sogenaamde suiwer kommunikatiewe aktiwiteite in die klaskamer gehandhaaf behoort te word**

Die vakbeleid vir Afrikaans verbied die *formele onderrig van taalreëls*, maar 79% van die onderwysers is nie bewus daarvan nie. Slegs 3% verduidelik nooit enige taalreëls aan die leerders nie, terwyl 64% dit dikwels/altyd doen. Meer as die helfte (53%) plaas egter nie 'n premie op *akkurate kommunikasie* nie wat die vermoede laat ontstaan dat heelwat onderwysers "grammatika ter wille van grammatika" onderrig.

(viii) **Die onderwysers het 'n positiewe beskouing van die leerfasiliteerders, maar nie van hul leerders nie**

Die respondente (87%) dui aan dat hulle 'n goeie werksverhouding met hul leerfasiliteerder het, dat laasgenoemde se kennis nie onder verdenking staan nie (88%) en dat die onderrighulp wat hulle van die leerfasiliteerders ontvang, bevredigend is (76%). Slegs 14% dink die standaard van hul leerders is *goed*, terwyl 86% hulle as *swak* beskou.

(ix) **Die onderwysers spreek 'n behoefte aan indiensopleiding uit**

Slegs 1 respondent het aangedui dat hy/sy oor die algemeen nie 'n behoefte aan indiensopleiding het nie, terwyl die res (99%) wel graag indiensopleiding sou wou ontvang.

6.3 Waarneming van enkele Afrikaans-lesse

Enkele lesobservasies is uitgevoer in 'n poging om sekere algemene tendense wat uit die vraelys-data na vore gekom het, na te gaan. Elk van die onderwysers waarby klasbesoek afgelê is, is

vooraf in kennis gestel van die besoek. Die onderwysers het telkens die *keuse van onderrigmateriaal* asook klasgroep gehad. Vyf lesse is waargeneem: 1 *poësieles*, 3 *taalkundelesse* en 1 *begripstoets* wat tot 'n *stelwerkoefening* aanleiding gegee het. In al die gevalle is die lesse by groepe graad 11- of 12-leerders waargeneem. Hoewel die onderwysers vir die klasbesoeke kon voorberei en boonop die keuse van klasgroepe en onderrigmateriaal gehad het, is die vakkennis, taalonderrigstrategieë en klaskamerpraktyke wat tydens die klasbesoeke waargeneem is, teleurstellend. Op een uitsondering na, was die *onderwysers se kommunikatiewe vaardigheid* (gesproke Afrikaans) ontoereikend vir die onderrigsituasie.

In geen van die klasbesoeke kon die betrokke onderwysers enige vorm van geskrewe voorbereiding toon nie. Hulle kon ook nie bevredigend verbaal verslag lewer van die beoogde struktuur (lesmomente) van die lesse asook van wat by elke moment beplan is nie.

Uit die waargenome lesse kon die volgende *afleidings* gemaak word:

- Die onderwysers se verbale kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans kan oorwegend omskryf word as BICS. Dit is ontoereikend vir die onderrigsituasie van Afrikaans.
- Die onderwysers doen nie skriftelike voorbereiding van lesse volgens 'n voorgeskrewe formaat nie.
- Die onderrig is verbeeldingloos en nie doelgerig nie. Die indruk word geskep dat die lesse op meganiese wyse afgehandel word sonder dat die onderwyser 'n duidelike doel voor oë het. Die taalkundelesse sou dan ook beskryf kon word as "grammatika ter wille van grammatika" aangesien dit nie in verband gebring is met die ontwikkeling van kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans nie.
- Die lesverloop ontwikkel nie logies tot die uiteindelijke assesseringsmoment nie. Dit blyk gefragmenteerd te wees.
- Daar kon geen bewys gevind word dat die onderwysers doelgerig binne enige raamwerk (onderrigbenadering of -metode) beplan en onderrig nie. Geen getuienis kon dus ook gevind word dat die lesse volgens UGO-beginsels beplan en uitgevoer is nie.
- Assessering word beskou as 'n "huiswerkoefening" wat hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die leerder is.
- Die onderwysers se vakkennis en skryfvaardigheid staan onder verdenking. Daar het in elke les kennisfoute voorgekom waarvan sommige as blatant beskou kan word. Op die skryfbord is ook verskeie spel- en taalfoute begaan.

6.4 Onderhoue met die leerfasiliteerders

Die onderhoue met die leerfasiliteerders sou hopelik die data wat deur die vraelys en die lesobservasies ingewin is, vanuit 'n ander invalshoek belig. Daar is besluit om 'n stel toepaslike vrae vooraf te formuleer wat die onderhoue sou rig, maar nie inperk nie. Die vrae is aangewend om die gesprek te stimuleer en daar is ruimte gelaat vir die spontane ontwikkeling van die onderhoue.

Onderhoue is met twee leerfasiliteerders gevoer, beide gestasioneer in dieselfde streek waar die vraelysondersoek en lesobservasies uitgevoer is. Albei het meer as 10 jaar ervaring as leerfasiliteerders gemoeid met Afrikaans: Addisionele Taal op VOO-vlak.

Die leerfasiliteerders het 'n oorwegend negatiewe prentjie geskets:

- Dit blyk dat Afrikaans: Addisionele Taal as vak toenemend benadeel word, hoewel dit steeds in aanvraag is - hoofsaaklik weens die ekonomiese waarde wat dit in die Vrystaat het. Afrikaans kwyn op intermediêre vlak (graad 4-6): die leerders mag slegs twee tale neem en die keuse val meestal op die moedertaal en Engels. Minder leerders neem gevolglik Afrikaans op AOO-vlak¹⁴. Aan verskeie skole is Afrikaans reeds op AOO-vlak uitgefaseer.
- Daar skort baie met die PRESET wat die onderwysers ontvang het. Hulle is professioneel onselfstandig en soek voortdurend ondersteuning.
- Skoolbesoeke raak weens die invloed van die onderwyserunies toenemend 'n sensitiewe saak.
- Die leerfasiliteerders beskou hulself as *ondoeltreffend* omdat:
 - ~ hulle te veel besoekpunte het en desnoods werkwinkels aan groot groepe onderwysers moet aanbied;
 - ~ hulle weens 'n personeeltekort te min individuele aandag aan onderwysers se probleme kan gee;
 - ~ 'n groeiende aantal onderwysers klasbesoeke of kontrole deur die leerfasiliteerders negatief beleef en soms selfs weier;
 - ~ hulle opleiding nie voorsiening maak vir die UGO-transformasie nie en hulle dus dikwels self in die duister verkeer.

Wat onderrigverwante sake betref:

- Die onderwysers se kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans is meestal ontoereikend.
- Die onderwysers doen gebrekkige beplanning en bestuur. Dit blyk uit die volgende:
 - ~ hulle doen meestal nie skriftelike lesbeplanning nie;
 - ~ hul klaskamerpraktyk word ondoeltreffend bestuur;
 - ~ hulle slaag nie daarin om die leerinhoud van die sillabus doelmatig te versprei oor die beskikbare onderrigtyd nie.
- Die meeste onderwysers ondervind probleme met die vakinhoud in ál die afdelings wat hulle moet onderrig.
- Die geïntegreerde metode verskaf probleme.
- Die onderwysers maak nie van nuwe onderrigmetodes gebruik nie.

Insake UGO:

- Die leerfasiliteerders het 'n negatiewe belewenis van UGO.
- Die leerfasiliteerders is onseker hoe om UGO en KTO te kombineer.
- Die Vrystaatse Onderwysdepartement fasiliteer nie die implementering van UGO doeltreffend genoeg nie:
 - ~ weens personeeltekorte is die leerfasiliteerders oorlaai met werk en gevolglik ondoeltreffend;
 - ~ die leerfasiliteerders word nie voldoende deur die Onderwysdepartement opgelei om UGO te implementeer nie;
 - ~ die Onderwysdepartement plaas onredelike druk op die leerfasiliteerders om 'n sukses van UGO te maak.
- UGO as onderrigraamwerk is ontoeganklik vir die onderwysers.
- Die onderwysers ondervind veral probleme met assessering in UGO.

14.AOO is die afkorting wat vir die term "Aanvanklike Onderwys en Opleiding" gebruik word. Die AOO-vlak verwys na graad 7-9.

- Die onderwysers hou die front voor dat hulle na UGO oorgeskakel het, maar hulle onderrig steeds volgens die "ou manier".

7. Gevolgtrekkings

7.1 Die onderwysers het behoefte aan indiensopleiding

Die skerpste fokus het in die ondersoek geval op die Afrikaans: Addisionele Taal-onderwysers, aangesien die uiteindelige riglyne vir indiensopleiding op hulle behoeftes afgespits sou word. Die ondersoek het 'n legio probleme uitgewys en dit is duidelik dat enige voorgenome indiensopleidingsprogram omvangryk sal moet wees.

Hoewel die meeste onderwysers wat aan die steekproef deelgeneem het volgens bestaande norme toepaslik gekwalifiseer is, bestaan daar ernstige tekorte in hulle professionele mondering. Hulle kommunikatiewe vaardighede in Afrikaans is meestal ontoereikend vir die onderrigsituasie en die onderrig van Afrikaans vind veelal deur medium van 'n ander taal plaas. Hulle vakkennis staan onder verdenking en hulle is nie op die hoogte van die nuutste taalonderrigmetodes en -benaderings nie. Dit blyk dat die meeste steeds nie daarin slaag om volgens die beginsels van die kommunikatiewe benadering – 'n benadering wat reeds jare lank in gebruik is – te onderrig nie.

Die onderwystransformasie wat hoofsaaklik deur die ingebruikname van UGO as onderrigraamwerk gekenmerk is, word deur baie onderwysers negatief beleef. Hulle kon nog nie die paradigmaskuiwe maak wat UGO vereis nie, en 'n onrusbarende aantal klou steeds aan die "ou sisteem". 'n Gebrek aan kennis en onderrigvaardighede blyk die grootste oorsaak vir die negatiewe houding jeens UGO te wees. Hulle weet nie hoe om UGO en KTO in die klaskamer te kombineer nie.

Die leerfasiliteerders wys daarop dat die meeste onderwysers nie by magte is om hulle klaskamerpraktyk effektief te bestuur nie. Hulle slaag meestal nie daarin om die onderrig sowel as die beplanning en administrasie daarvan doeltreffend te bestuur nie. Daar kom nie veel tereg van behoorlike lesbeplanning nie en die sillabusinhoud word dikwels nie doelmatig oor die beskikbare onderrigtyd versprei nie.

Die onderwysers is egter gemotiveer en glo aan die waarde van Afrikaans-onderrig. Hulle besef dat daar gapings in hulle mondering is en hulle spreek 'n behoefte aan indiensopleiding uit.

7.2 Die Vrystaatse Onderwysdepartement verwaarloos sy indiensopleidingsfunksie

Die sillabusse en vakbeleid wat ten tye van die ondersoek in gebruik was, is verouderd. Die reeds gediskrediteerde P-benadering tot KTO word daarin voorgeskryf hoewel dit nie die aangewese werkwyse is waarlangs akkurate kommunikeerders gekultiveer word nie. Komplekse begrippe en instruksies (o.a. die nosioneel-funksionele benadering, die geïntegreerde benadering, e.d.m.) wat sentraal staan binne die onderrigvoorskrifte, word nie toegelig nie. Die onderwysers vind nie veel onderrighulp in die sillabusse en vakbeleid nie.

Volgens beide die onderwysers en die leerfasiliteerders kom die indiensopleidingsfunksie van die departement nie tot sy reg nie. Die vraelysdata toon dat daar te min indiensopleidingsgeleenthede tot die onderwysers se beskikking is, veral ten opsigte van die onderrig van Afrikaans volgens UGO-beginsels. Die leerfasiliteerders is deeglik bewus daarvan

maar voer aan dat hulle nie by magte voel om die situasie te beredder nie. Daar is te min leerfasiliteerders en hulle streke is te groot wat daartoe lei dat hulle ondoeltreffend is. Hulle voel oorwerk en is van mening dat die onderwysdepartement onredelikerwys van hulle verwag om alle onderrigprobleme op te los en van die implementering van UGO 'n sukses te maak. Daar bestaan sekere aspekte van UGO waaroor hulle sêlf nie sekerheid het nie, veral wat die in tandem gebruik van UGO en KTO betref.

8. Op weg na 'n oplossing

8.1 Leerfasiliteerders

Die vraag na indiensopleiding kan klaarblyklik nie deur die Vrystaatse Onderwysdepartement bevredig word nie. Die onderrigtransformasie stel hoë eise aan die leerfasiliteerders sowel as die onderwysers, en die onderwysdepartement skep nie voldoende infrastruktuur sodat die onderwysvernuwing in die klaskamers kan grond raak nie. Daar kan aanbeveel word:

- dat meer leerfasiliteerders per streek aangestel word sodat hulle 'n beter kwaliteit diens kan lewer;
- dat die leerfasiliteerders indiensopleiding moet ondergaan sodat hulle beter bemagtig word om die onderwysers van hulp te wees.

8.2 Onderwysers

Die ondersoek het aangetoon dat die onderwysers in vele opsigte opgeskerp sal moet word. Die aard van die tekorte in hulle professionele mondering dikteer die ontwikkeling van 'n indiensopleidingsprogram met diepgang wat sistematies en doelgerig aan elk van die probleemareas aandag skenk. Die omvang is te groot om deur die leerfasiliteerders behartig te word. Daar kan aanbeveel word dat:

- die onderwysdepartement in vennootskap gaan met ('n) tersiêre inrigting/s sodat laasgenoemde programme/modules ontwikkel wat spesifiek op die behoeftes van die onderwysers afgestem is. Die onderwysers behoort met hierdie modules krediete te kan opbou wat kan bydra tot die verwerwing van 'n kwalifikasie.

8.3 Die indiensopleidingsprogram

Die voorgenome indiensopleidingsprogram sal aan sekere vereistes moet voldoen:

- dit sal die onderwysers moet toerus om leerders te onderrig in ooreenstemming met die eise van die arbeidsmark;
- dit sal praktykgerigte opleiding moet verskaf wat die onderwysers help om toenemend hulle weg te vind binne die UGO-onderrigparadigma;
- daar sal aandag bestee moet word aan die onderwysers se onderrigvaardighede asook klaskamerpraktyk;
- die onderwysers se vakkennis verdien die meeste aandag. As vertrekpunt behoort die leerinhoud soos vervat in die sillabusse, aan die onderwysers onderrig te word, dit wil sê die voorgeskrewe tekste (letterkunde) sowel as die taalwerk.

9. Ten slotte

In die geheel beskou en gemeet aan die eise van die arbeidsmark, blyk die Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig ondoeltreffend te wees. Die arbeidsmark vereis akkurate kommunikeerders en die Afrikaans-onderrig moet daarop afgestem wees. Die onderwysers, leerfasiliteerders en kurrikuleerders is moontlik nie ingestel op die kommunikatiewe eise wat die arbeidsmark aan toetreders stel nie, en hulle wend skynbaar geen bewustelike poging aan om die onderrig dienooreenkomstig te rig nie. Indiensopleiding sal slegs sinvol wees indien dit die onderwysers sou toerus om die leerders beter op die eise van die arbeidsmark voor te berei.

Die implementering van die aanbevelings wat uit hierdie ondersoek voortspruit, hou implikasies in vir die Vrystaatse Onderwysdepartement. Die Onderwysdepartement sal die inisiatief moet neem en meganismes in werking stel waarlangs die aanbevelings geïmplementeer kan word. Tyd en geld sal bestee moet word, en die Onderwysdepartement sal die wil moet toon om in Afrikaans: Addisionele Taal-onderrig te belê.

Bibliografie

- Ayliff, D. 2001. The efficacy of form-focused instruction on the syntactic accuracy of second language students of English at the University of Port Elizabeth. *SA Journal of Higher Education* 15(3): 102-110.
- Bruckman, K. en Kroes, H. 1999. Evaluation of current Communication-Kommunikasie syllabusses. Ongepubliseerde verslag.
- Buys, A. en Van der Walt, J.L. 1996. Formal instruction in a Communicative Approach to Second Language Teaching. *Tydskrif vir Taalonderrig* 30(2): 83-90.
- Denzin, N.K. 1989. *The research act: a theoretical introduction to sociological methods: A source book*. New York: McGraw-Hill.
- Department of Education. 1995. *Norms and Standards for Teacher Education*. Committee on Teacher Education Policy (COTEP).
- Ellis, R. 1994. *The study of second language acquisition*. Oxford University Press.
- Kroes, H. 1997. The communicative approach, metacognition, and the OBE. *Tydskrif vir Taalonderrig* 31(4): 358-369.
- Lemmer, E.M. 1992. What about the Limited English Proficiency Pupil? Ongepubliseerde referaat, RGN Opvoedkundige konferensie, 14 September.
- Swarbrick, A. 1994. *Teaching Modern Languages*. Routledge London and New York in Association with the Open University.
- Van Staden, E. 1997. Afrikaans, meertaligheid en die rol van die universiteit. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Vrystaatse Onderwysdepartement. 1996. *Tussentydse Sillabus vir Afrikaans Tweedetaal Standerds 8 tot 10*.
- Vrystaatse Onderwysdepartement, Subdirektoraat: Leerfasilitering. 2002. *Vakbeleid Afrikaans: Addisionele Taal. Implementering: Graad 10,11,12:2002*.

Barend Badenhorst was vanaf 1988-2003 verbonde aan die Universiteit Vista, en sedert 2004 aan die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat. Hy het gedurende hierdie periode Afrikaans voorgraads doseer, en Toegepaste Linguistiek nagraads. Die meerderheid studente wat deur sy hande is, is praktiserende of voornemende Afrikaans-onderwysers.

Dr. BP Badenhorst

Departement van Kommunikasiewetenskappe
Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat
Posbus 1881
Welkom
9463
tel: (057)396-4112 (w)
bbadenho@wlk.tfs.ac.za